

Pretoria-

Skriflesing: Johannes 6:37-40; 10:11, 26-29; Romeine 8:29-30

Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 2 paragraaf 8**

Sing- Ps. 25:4; Ps. 19:5; Ps. 23:2

In die vorige paragraaf van die Dordtse Leerreëls het dit gehandel oor wie dra die skuld as hy/sy verlore gaan. Broeder en suster, dit is belangrik dat ons sal onthou dat die mens wat verlore gaan kan nie vir God die skuld gee nie. Dit bly geheel en al die mens se eie skuld. Niemand kan en mag God ooit van enigiets beskuldig nie. God is nie die “slagoffer” van sy eie keuses nie. Paragraaf 6 wys na die ongelowiges. Hierdie paragraaf stel dit baie duidelik dat die mens wat gesondig het vir sy eie sonde, sy eie skuld, sy eie ondergang verantwoordelik is.

Paragraaf 7 praat spesifiek met die gelowiges. Die feit dat ’n mens glo kan mense dalk maklik wil aflei is dit nie maar ook die mens se werk nie. As die ongelof die mens se eie skuld is, is die geloof nie die mens se prestasie op sy ongelof nie. Is dit nie die mens wat darem homself/haarself kon onderskei deur nie soos die ongelowiges te wees nie. So ’n mens het darem ’n beter keuse kon maak as hulle in paragraaf 6.

Net hier draai ons belydenis hierdie denke nekom. Paragraaf 7 het al gewys die feit dat daar sekere mense is wat wel die evangelie aanneem is nie iets wat ons bereik het nie. Dit is God wat in ons iets bereik het. Dit is net genade wat maak dat ’n mens glo. Ons kan dit nie verdien nie. As ons moes kies dan sou geeneen reg kan kies nie.

En dit is wat paragraaf 8 baie duidelik na vore wil bring. Die waarde van God se genade kan ons nooit oorskat nie. Hierdie genade wat so kosbaar is, is aan die werk in hierdie wêreld en in hierdie lewe waarin ons nou is. Geen ware gelowige is in staat om hom/haar teen die genade van God te verset nie. Ja, broeder en suster dit is die kern van paragraaf 8 dat u en ek as mense, wanneer ons met die genade van God te doen kry, ons daarteen weerloos staan. Ons kan dink dat ons ons teen God kan verset, maar op die lange duur is dit nie moontlik nie. God laat dit nie aan ons as mense oor om te besluit wanneer, waar en hoe ek as mens sy genade gaan aanvaar of nie. Nog minder is dit my besluit of God my gaan red of nie. God se wil is nie van die wil van die mens afhanklik nie. God se wil geskied en dit kan ons maar altyd weet.

Ons belydenis praat van die ***volkome vrye raadsbesluit, genadige wil en voorneme van God...*** Maar geliefdes hier gebeur eintlik iets bomenslik groot. Ja, hoe staan sake in die

Pretoria-

geloof altyd bó die mens. Dit is nie iets wat ons kon bereik nie. Tog handel die Here op so 'n wonderlike wyse, volkome vry, dat Hy wat die Here is nie in die eerste plek die mens se keuse vir Hom bepaal nie, maar die Here werk met ons wil. Die Here dwing nie Homself téén ons wil aan ons op nie, maar soos ons nog later in hfst. 3 / 4 ook sal hoor dat die Here herskep die wil van die uitverkore mens. Die mens wat uit sy eie wil nie vir God sou kies nie, dat met dié wil, wat God in die mens skep, dat so 'n mens wil nou óók vir die Here kies.

Dit gaan heelyd in die paragraaf oor wat God doen. Christus het daarvan geen geheim gemaak nie. Selfs Christus was nie uit Homself met net sy eie wil as Mens besig as Hy met ons praat nie. In Joh. 6:38 het ons gelees hoe Christus Self sê dat Hy het nie gekom om sy eie wil te doen nie, *maar die wil van Hom wat my gestuur het...* Wanneer Christus sy eie wil aan God diensbaar stel dan gaan dit maar weereens oor wat eintlik die hooftema van hfst. 2 van die Dordtse Leerreëls is, wat is Christus vir ons werd. Nie net as Persoon nie, maar wat het Hy vir ons kom doen?

Ons het uit die vorige paragrawe elke keer gehoor dat die werk van Christus *oorvloedig genoeg* is om die sondes van die hele wêreld te versoen. Beteken dit dat Hy die sondes van *alle* mense versoen het? Volgens die Remonstrante het Christus vir alle mense gesterwe. D.w.s. deur sy dood het Christus vir alle mense die versoening verdien. So kry elkeen dan die kans om gered te word. Of die mens die verlossing ook werklik ontvang sou dan afhang van sy keuse vir of teen Christus. Anders gesê - die verwerwing van die heil sou van Christus afhang en sou vir almal geld, terwyl die toeëiening van die heil van die mens self afhang.

As die toeëiening van die heil ons verantwoordelikheid sou wees, broeder en suster, dan sou dit beteken dat elke mens staan gelyk vóór God. Christus het dan vir almal 'n ewe groot kans gegee om gered te word. Die moontlikheid om gered te word, is almal se deel, dit hang van jou en my as mens af of ons dit 'n werklikheid gaan maak. As iemand só sou redeneer dan word dit 'n vraag vir wie het Christus sy lewe gegee. So iemand sal moet sê dat Christus het vir alle mense gesterwe.

Dit gaan dan nie maar net of sy dood wel in staat sou wees om alle mense te verlos nie. Dit het ons reeds duidelik aan die begin van hierdie hoofstuk van die Dordtse Leerreëls erken, dat die krag en die waarde van sy dood sou inderdaad in staat wees om sou alle mense

Pretoria-

uitverkies wees om dan wel alle mense te verlos. MAAR NOU wéér die vraag- Vir wie het Christus op die einde kom sterwe. Vir alle mense of vir die uitverkorenes?!

Christus wat Homself die goeie Herder noem. *Ek is die goeie Herder... Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.* Vir wie lê Christus dan sy lewe af? Vir bokke? Nee, vir die skape. Maar wie is die skape waaroor Hy hier praat? Is dit mense wat die goeie keuse vir Christus gemaak het of sal maak? Die antwoord lê in verse 22 tot 26. Let op vers 26: *Maar julle glo nie, want julle is nie van my skape nie...* Ons is geneig om te dink dat 'n mens nie van sy skape is nie omdat hy nie glo nie. Jesus sê egter: *julle glo nie, want julle is nie van my skape nie.* My skape luister na my stem. Hulle wat skape van Christus is, luister na sy stem. Sulke skape sal luister, sulke skape wil luister, want God het hulle sy skape gemaak. Die feit dat God eerste hulle gemaak het wat hulle nie uit hulleself sou kon wees, nou is hulle nie gehoorsame skape op grond van wat die skape gedoen het nie, maar op grond van wat God gedoen het. Nou is hulle méér as net skape van God. Hulle is luisterende skape, gehoorsame skape.

Sommige mense glo nie. Waarom nie? Eenvoudig gestel, omdat hulle nie sy skape is nie. Ander mense luister wel na sy stem. Waarom? Omdat hulle is wat God hulle gemaak het- SY SKAPE. Hulle is eiendom van God. Hulle behoort aan God. Hy ken hulle en hulle volg Hom en Hy gee hulle die ewige lewe. Hierdie skape is die uitverkorenes wat ons belydenis dan afsonder deur te stel dat ***die lewendmakende en saligmakende krag van die uiters kosbare dood van sy Seun al die uitverkorenes tot voordeel sal strek.***

En dan kom die deel in die Dordtse Leerreëls wat ons baie goed moet raaksien- ***God het slegs aan die uitverkorenes die regverdigmakende geloof geskenk om hulle daardeur onfeilbaar salig te maak.*** Dit is alles deel van wat u moet onthou hierdie paragraaf mee begin. Dit gaan om die ***volkome vrye raadsbesluit, genadige wil en voorneme van God die Vader.***

Dit gaan om God se raadsbesluit maar Christus is daarmee nie onbekend nie. Net soos wat Hy mens is, is Hy God. Hy het presies geweet wat Hy moes kom doen toe Hy na ons gekom het. In Rom 8: 29-30 staan daar: DIEGENE wie Hy verkies het, het Hy geroep en HULLE het Hy geregverdig. In Mat 1:21 sê die engel vir Josef: *En sy (Maria) sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.* Wie, sê die

Pretoria-

engel, sal Hy verlos? Nie vir alle mense nie, maar vir sy volk. Christus sal hulle nie slegs die moontlikheid gee om van hul sondes verlos te word nie. Nee, Hy sal hulle van hulle sondes verlos.

Duidelik gaan dit ook nie maar net om die één volk Israel nie. ***Dit was die wil van God dat Christus deur die bloed van die kruis - waarmee Hy die nuwe verbond bevestig het - uit elke volk, stam, geslag en taal hulle en hulle alleen kragdadiglik sal verlos wat van ewigheid af tot die saligheid uitverkies en deur die Vader aan Hom gegee is.*** Baie duidelik wil die Dordtse Leerreëls maar net bevestig dit wat Jesus in Johannes 6:37 sê- *Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie.* En ook weer vers 39- 40. *En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het, dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag. En dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.*

Vanuit die Woord is wat ons toekom nie maar net wonderlik om dit weer te hoor nie, maar die kragdadige werk van God die Heilige Gees is iets wat ewig is, dit gaan oor jou en my saligheid. So 'n skaap kan rondwaal en afdwaal maar kan nie wegdwaal in die sin dat so 'n mens heeltemal wegdraak nie. Die goeie Herder sal dit nie toelaat nie. Joh. 10:28- *En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.*

Hierin hoor ons duidelik ook die bewarende krag. Christus sal hulle bewaar wat deur die Vader aan Hom gegee is. Nooit maar nooit kan 'n uitverkorene verlore raak nie! Watter troos om dit te mag weet? Hierdie sekerheid berus op wat Christus reeds vir ons gedoen het. Met sy bloed het Christus die nuwe verbond bevestig. Hy het aan alles voldoen. Dit wat ons moes verkry het Hy as ons verteenwoordiger vir ons gekry.

Die verkryging, die toepassing, die bewaring van wat die uitverkorenes benodig is in Christus vas en seker. Hy het nie maar net vir ons 'n moontlike deur oopgemaak om by die Vader uit te kom nie. Nee, Hy is die deur wat klaar by die Vader uitgekom het, Hy is ons deur, wat ons nou reeds by die Vader het.

Ons harte en ons wil word voorberei en daartoe gebuig om al hierdie dinge in die geloof te omhels. Hoor hoe pragtig stel ons belydenis dit- ***Ook was dit die wil van God dat Christus***

aan hulle die geloof sal gee wat Hy, soos ook die ander saligmakende gawes van die Heilige Gees, deur sy dood vir hulle verwerf het. Verder dat Hy hulle van al hulle sondes - sowel die oorspronklike sonde as die werklike sonde wat na en voor die geloof begaan is - deur sy bloed sal reinig.

Hiermee word eintlik net weer aangetoon waarom die geloof 'n genadegawe genoem word. Ons lees bv. dat die Here Lidia haar hart geopen het om ag te gee op wat deur Paulus gesê is (Hand 16:14). So lees ons dat daar gelowig geword *het almal wat verordineer was tot die ewige lewe* (Hand 13:48). So lees ons dat dit genadiglik aan ons gegee is om in Christus te glo (Fil. 1:29). Gelukkig is dit *God wat in ons werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae*. Anders sou daar nooit iets van kom nie. Ons sou geestelik dood bly. Die verlossing is gelukkig nie afhanklik van die keuse van ons mense nie, 'n keuse wat ons sonder God se lewendmakende Gees nooit sou kan maak nie.

Het Christus vir 'n onbekende groep mense gesterf in die hoop dat sommige van hulle Hom sal aanneem? Née, Hy het vir u en my, sy kinders reeds vanaf die begin op die oog gehad. Mag u dit saam met al die gelowiges bely- Die Vader het *my* aan Hom gegee. Christus het vir *my* gesterwe. *My* met God versoen. *My* die geloof gegee en my verlos.

Wat 'n wonderlike versekering gee dit. Want, my geloofskeuse is nie altyd ewe sterk nie. As my versoening met God moes afhang van my "*performance*", sou ek in vertwyfeling val. Maar nou mag ek weet dat my lewe vas veranker is in my Vader se keuse en Christus se dood. Ek hoor mos sy woorde van heil. Hy het my hart daarvoor geopen. En sy woorde is betroubaar. Hy het reeds 'n begin van sy verlossing in my lewe bewerk. Hy sal dit voltooi. Ook in my donkerste nag weet ek dat Hy sy beloftes vir my sal waarmaak.

AMEN

Paragraaf 8

Dit was immers die volkome vrye raadsbesluit, genadige wil en voorneme van God die Vader dat dit al die uitverkorenes tot voordeel strek

Wat?

die lewendmakende en saligmakende krag van die uiters kosbare bloed van sy Seun

So het God geskenk

Wat?

die regverdigmakende geloof

Aan wie?

slegs aan die uitverkorenes

Hoekom?

om hulle daardeur onfeilbaar salig te maak.

Dit wil sê:

Dit was die wil van God dat Christus kragdadiglik sal verlos

uit elke volk, stam, geslag en taal

Wie?

hulle en hulle alleen

wat van ewigheid af tot die saligheid uitverkies is

en deur die Vader aan Hom gegee is

Hoe?

deur die bloed van die kruis

waarmee Hy die nuwe verbond bevestig het

Dit was die wil van God dat Christus aan hulle die geloof sal gee

wat Hy deur sy dood vir hulle verwerf het

soos ook die ander saligmakende gawes van die Heilige Gees

Dit was die wil van God dat Christus hulle van al hulle sondes deur sy bloed sal reinig

Watter?

die oorspronklike sonde

die werklike sonde wat na en voor die geloof begaan is

Dit was die wil van God dat Christus hulle tot die einde toe getrou sal bewaar

Dit was die wil van God dat Christus hulle uiteindelik sonder enige vlek of rimpel in heerlijkheid by Hom sal neem